



B.ED HON OPVOEDKUNDIGE ONDERSTEUNING INLIGTING

Programbeskrywing

Hierdie program is a kombinasie van teorie en praktiese toepassing. Die huidige benadering is om leerondersteuning te bied ten einde die diverse behoeftes van leerders aan te spreek binne die raamwerk van 'n inklusiewe opvoedkundige pedagogie. Die inhoud is dus nie voorskriftelik nie omdat leerders asook hul kontekste verskil. Studente word toegerus om op 'n nagraadse vlak tot reflekerende praktisyns te ontwikkel.

Die fokus areas van die program is:

- Interpretiewe Navorsing
- Volwasse Leer en Ondersteuning
- Leer en Kognisie
- Leeruitdagings
- Leerondersteuning
- Navorsingsprojek

Die doel van die program

Hierdie program poog om studente toe te rus om betekenisvolle deelname vir alle leerders in inklusiewe onderwysstelsse en gemeenskappe te bewerkstellig. Verder is die doel om 'n samehangende en kritiese verstaan van die omvang en die onderliggende beginsels van onderwys en opvoedkundige ondersteuning vir leerders wat leerhindernisse ervaar. Dit berei studente voor om diverse en unieke leervermoëns en leeruitdagings te identifiseer en aan te spreek.

Die duur en aanbiedingswyse van die program

Die program word in 'n Gemengde leer en onderrig modus aangebied. Daar is ten minste twee kontaksessies, telematiese uitsendings en aanlyn kommunikasie. Die program kan in een jaar voltyds of oor twee jaar deelyds voltooi word. Voornemende studente doen voor 31 Julie van die voorafgaande jaar aansoek.

Toelatingsvereistes

- 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n sekondêre onderwysdiploma of sertifikaat (bv. SOD, HOD, NOS, UOD, LSOD);
of
- 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n primêre onderwysdiploma (bv. POS, POD, HPOD);
of
- 'n toepaslike universiteitsgraad en 'n onderwyskwalifikasie wat volgens die oordeel van die Senaat as voldoende geag word;
of
- 'n vierjarige geïntegreerde onderwysgraad;
of
- (wanneer jou akademies toepaslike beroepservaring dit regverdig) 'n ander toepaslike akademies-professionele studiekombinasie, wat vir die doel van aansluiting deur die Senaat as gelykwaardig aan 'n geïntegreerde vierjarige baccalaureusgraad of 'n baccalaureusgraad geag word (aanvullende Opvoedkundestudie kan van jou vereis word voor toelating);
Of
- erkende vierjarige naskoolse opleiding, wat 'n professionele onderwyskwalifikasie insluit.

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes vir al die B.Ed Hon programme in die fakulteit Opvoedkunde word dit vir hierdie program **aanbeveel** dat voornemende studente: 'n Minimum van ten minste een jaar formele onderwyservaring in 'n Suid Afrikaanse konteks het.

Verdere bepalinge in verband met toelating tot die HonsBEd-programme

Aansoekers moet 'n gemiddelde van minstens 60% in die finale jaar van jou toepaslike voorgraadse studie behaal het.

Die Fakulteit verwag dat voornemende studente minstens toegang tot 'n rekenaar en die internet sal hê om die volgende aktiwiteite te kan uitvoer:

- toegang tot SUNLearn modules en aan die verskillende leeraktiwiteite deel te neem
- elektroniese bronne van die US-biblioteek te gebruik
- e-posse te stuur en ontvang
- werkopdragte te genereer en elektronies in te dien

Seleksie

As gevolg van die gewildheid van hierdie program en die beperkte kapasiteit van die departement sal 'n maksimum van **DERTIG** studente tot die program toegelaat word in 2020.

Aansoeke vir die 2020 inname sluit 31 Julie 2019

DOEN AANLYN AANSOEK: <http://t2000-05.sun.ac.za/eAansoeke/alg.jsp?TI=1>

Studente sal van die uitslag in kennis gestel word teen die einde van September 2019.

Programinligting

- Besoek <http://www.sun.ac.za/english/Documents/Yearbooks/Current/Opvoedkunde.pdf>
- Kontak SU Kliëntediens by info@sun.ac.za / 021 808-9111
- Kontak die Fakulteitsbeampte by [021 808-4831](tel:0218084831) / eel@sun.ac.za (huidige US studente)
- Verkry inligting ivm die program by die Departementale Administrateur, Me. C Fortuin cfortuin@sun.ac.za / 021 808-2308 en die program koördineerder, Dr Lorna Dreyer lornadreyer@sun.ac.za
- DEPARTEMENT OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE WEBTUISTE
<http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education/educational-psychology/Pages/default.aspx>